

No. 7 van 1972.]

ONGEMAGTIGDE UITGAWES (1970-71)
ORDONNANSIE 1972.

(Goedgekeur 25 Mei 1972.)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

(Datum van Inwerkingtreding 26 Mei 1972.)

ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1971 geëindig het, tot bestryding en dekking van sekere ongemagtigde uitgawes.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG: —

Administrasie-
rekening belas
met R3 000.

1. Die Administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hierby belas met die bedrag van drie duisend rand tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1971 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae tot hierdie ordonnansie en word nader omskryf in paragraaf vyf bladsy sewe van die Verslag (aan die Wetgewende Vergadering voorgelê) van die Kontroleur en Ouditeur-generaal oor die rekenings vir vermelde boekjaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekeninge 1972.

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ongemagtigde Uitgawes (1970—71) Ordonnansie, 1972.

BYLAE.

Begrotings- pos of Inkomste hoof	Titel van Begrotingspos of Inkomstehoof	Bedrag R
1	Administrasie	3 000
TOTAAL		R3 000

No. 7 of 1972.]

UNAUTHORISED EXPENDITURE (1970-71)
ORDINANCE, 1972.

*(Assented to 25 May, 1972.)**(Afrikaans text signed by the Administrator.)**(Date of commencement 26 May 1972.)*

ORDINANCE

To apply a further sum of money towards the service of the Territory of South West Africa for the year ended on the thirty-first day of March, 1971, for the purpose of meeting and covering certain unauthorised expenditure.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows: —

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with the sum of three thousand rand to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the Territory of South West Africa for the year which ended on the thirty-first day of March, 1971. Such expenditure is set forth in the Schedule of this ordinance and is referred to in paragraph five page seven of the Report (which has been presented to the Legislative Assembly) of the Controller and Auditor-General on the Accounts of the said year and in the First Report of the Select Committee on Public Accounts, 1972.

Administration
Account charged
with R3 000.

2. This Ordinance shall be called the Unauthorised Expenditure (1970—71) Ordinance, 1972.

Short title.

SCHEDULE.

No. of Vote or Revenue Head	Title of Vote or Revenue Head	Amount R
1	Administration	3 000
TOTAL		R3 000

